



- [Tuisblad](#)
- [Rubrieke](#)
 - [Bybelkarakters](#)
 - [Gebede](#)
 - [Soos ek dit sien](#)
 - [Lees die Bybel saam met my](#)
 - [Kortverhale](#)
 - [Wag op die Here!](#)
- [Preke](#)
 - [Video's en teks van my preke](#)
 - [Potgooi van die preke](#)
- [Meer oor ...](#)
 - [Jaco se Bybelkoerant](#)
 - [Die Bybelkoerant-konsep](#)
 - [Jaco Thom](#)
 - [My boeke](#)
 - [Privaatheidsbeleid](#)
 - [Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting](#)
 - [Bankbesonderhede](#)
- [Boekwinkel](#)
- Soek

Epiklese-gebed nav (onder andere) Openb 1:12-20

Here ons God

Ons aanbid u vanoggend as die Heer van alle here, as die Koning van die konings. Ons aanbid U as die Skepper en Onderhouer van die heelal, U wat gepraat het, en dit was daar, U wat met 'n enkele magswoord die ganse skepping in aansyn geroep het. Hoe groot is U, Here, hoe groot is U! Voor U is

ons so klein, so onbeduidend nietig. U is die Heilige van Israel, wat woon waar die lofsange van u volk opklink.

Ons aanbid U, Here Jesus, as die Koning van die kerk, wat die gemeentes in u regterhand vashou. U is die Leeu uit die stam van Juda, met mag en heerlikheid gekroon. U is die Een wie se oë soos vuur vlam, voor wie niks bedek is nie. U is die Een met die stem soos die gedruis van 'n groot watermassa.

Maar U is ook die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegdra, die Lam wat op Golgota vir ons geslag is, sodat ons deur u bloed bevry kon word. U is die Een vir Wie die dood onmoontlik gevange kon hou. U was dood, maar U het die doodse bande gebreek en U lewe tot in alle ewigheid. Ons prys U, Jesus Christus!

Dis tot U, Here God, dat ons ons vanoggend rig. Ons bring u gemeente, vanoggend voor u troon, Here, en bid dat u Koning sal wees van u gemeente en van ons harte. Ons bid vir die kerkraad wat die gemeente moet regeer, vir wysheid. Help ons, Here, om u gemeente so te regeer en in te rig dat U verheerlik sal word en die gemeente gebou sal word, sodat ons vir U en vir mekaar sal ken, sal liefhê, sal dien, en 'n oog vir die nood van die wêreld sal ontwikkel.

Ons bid vir hulle wat in nood is: siek en afgetakel na liggaam of gees; hulle wat hartseer is omdat hulle 'n geliefde verloor het of sien hoedat 'n geliefde wegkwyn; hulle wat oud geword het en swak. Ons bid vir hulle wat worstel met vasgeloopte huwelike, hulle wat werkloos en uitsigloos is. Ag, Here, as ons aan die nood in ons midde en om ons dink, raak ons verslae. Help tog, Here, en leer ons hoe ons ook kan help.

Ons bid vir ons jeug. Ons weet, Here, van al die versoekings op die pad. Ons weet hoe die tye verander het, en daarom dank ons U dat ons ons jongmense aan U kan opdra, kan weet dat hulle U s'n is. Help hulle om U lief te hê, Here, en help hulle om vir U te lewe. Skenk ons wat nog kinders in die huis het, die wysheid om hulle vir U groot te maak, en seën hulle kategete en onderwysers. Ons bid ook vir die koshuispersoneel wat die groot taak het om kinders in die week te versorg en te help. Dankie vir gelowige koshuispersoneel, Here.

En nou, o Gees van God, is ons stil voor U, sodat U ons kan aanspreek met u Woord. U is die Een wat die heilige profete met u vuur gevul het en gedrywe het, sodat hulle u woorde op skrif gestel het. U is die Een wat deur die eeue manne en vroue se lippe aangeraak het, sodat hulle u mondstuk kon word. Doen dit vanoggend weer, o Heilige Gees!

Amen.

Onlangse Bydraes

- [Gebed vir vroue en almal wat deur geslagsgeweld geraak word](#)
- [Eliëser](#)
- [Gebed oor misdaad en geweld](#)
- [Job se vrou, wat haar man in die steek gelaat het toe hy haar die nodigste gehad het](#)
- [Joh 4:1-30 Jesus kan ook jǒú dors les](#)

Argief

Argief ▼

- [Lees die Bybel saam met my](#)
- [Soos ek dit sien](#)
- [Preke](#)
- [Gebede](#)
- [Kortverhale](#)

- [Facebook](#)
- [X](#)